

A.3

MISVORMD

Ligte misvorming as gevolg van kultivareienskappe moet nie gepenaliseer word nie. Oormatige misvorming as gevolg van kultivareienskappe, byvoorbeeld diep-gesonke ogies, moet as 'n afwyking beskou word en as sandsplete beoordeel word.

Klas 1: Tot die maksimum mate soos in foto 4 uitgebeeld, is toelaatbaar.

Klas 2: Tot die maksimum mate soos in foto 6 uitgebeeld, is toelaatbaar.

Klas 3: Tot die maksimum mate soos in foto 8 uitgebeeld, is toelaatbaar.

Laagste Klas: Geen spesifikasies.

Redes vir die verskynsel

- Onegalige groei as gevolg van 'n skielike toename in watervoorsiening.
- Warm, droë periodes, afgewissel met goeie reën en koel weer.
- Swaar grond en aartappels wat te diep in swak gedreineerde grond geplant word, kan ook aanleiding tot misvorming gee.
- Die verskynsel kom redelik algemeen by spesifieke kultivars voor.

Hoe dit vermy kan word

- Reëlmatige besproeiing tydens droë periodes.
- Oordeelkundige bemesting.
- Regulering van planttye om jaarlikse droë periodes te vermy.
- Uitskakeling van vatbare kultivars.

A.3

MALFORMED

Light malformation due to cultivar characteristics shall not be penalised. Excessive malformation due to cultivar characteristics, i.e. deep sunken eyes, shall be considered as a deviation and be judged as growth cracks.

Class 1: To the maximum extent depicted in photo 4 is permissible.

Class 2: To the maximum extent depicted in photo 6 is permissible.

Class 3: To the maximum extent depicted in photo 8 is permissible.

Lowest Class: No specifications.

Reasons for the occurrence

- Uneven growth due to a sudden increase in water supply.
- Warm, dry periods alternated by good rains and cool weather.
- Heavy soil and potatoes planted too deep in poorly aerated soils can also lead to malformation.
- The occurrence is fairly general in specific cultivars.

How it can be avoided

- Regular irrigation during dry periods.
- Judicious fertilisation.
- Regulating planting times to avoid annual dry periods.
- Exclude susceptible cultivars.

MISVORMD - MALFORMED A.3

